

VROEGSTE POGINGS TOT INDUSTRIALISASIE IN DIE SUID-AFRIKAANSE REPUBLIEK

Dikwels word sonder meer aanvaar dat die landelike bestaan van die Transvaalse boer gedurende die vestigingsjare van die jong staat, 'n kommerlose tyd was, dat elke persoon 'n selfvoorsienende ekonomiese eenheid was, in al sy behoeftes self kon voorsien en dat geld nagenoeg geen rol gespeel het nie. Min of meer die teenoorgestelde is die waarheid. Sedert die Oosgrensdae aan die end van die 18de eeu, het ekonomiese toestande aansienlik verander en het geld in die daaglikse lewe van die gewone man in toenemende mate 'n belangrike rol gespeel. En by gebrek daaraan, was die Transvaalse bevolking vir baie jare nadat die eerste Trekkers hulle ten noorde van die Vaalrivier gevestig het, 'n verarmde gemeenskap.

As ons hierdie verskynsel sou probeer ontleed moet ons in gedagte hou dat met die begin van die uittoeg uit die Kaap-kolonie, die Voortrekkers alhoewel nie juis 'n welvarende gemeenskap nie, volgens getuienis van 'n bevoegde waarnemer soos adv. C. Brand, goed van geld voorsien was.¹ Terwyl hulle nog op die trekkpad was, het die eerste mate van verarming ingetree wat aan die onrus en onbestendigheid van heersende lewensomstandighede toegeskryf moet word. As gevolg van 'n onsekere swerwersbestaan, is die Voortrekkergemeenskap nie die geleentheid gegun om produktief te raak nie en moes hulle noodgedwonge die beskikbare kontant verteer.

Die onrus, kenmerkend aan die Voortrekkerdae, het gedurende die pioniersjare in die Oor-Vaalse gebied nie alleen voortgeduur nie maar onder toenemende isolasie, selfs vererger. Teen die end van 1851 het die Transvaalse Volksraad hierdie toestand kernagtig saamgevat toe aan welmenende vriende in Nederland oor die haglike finansiële posisie van die land geskryf is. „Zulks zal UEd. geensinds kunnen verwonderen wanneer UEd. bedenkt of u een denkbeeld kunt vormen wat het is om 14-16 jaren zonder bestaan of geregelden Handel in een woeste land omtezwerven? Wat het is om woesten grond te ontginnen en dezelve weder te moeten verlaten, en altijd in hoop op betering van zaken weder op anderen plaatzen hetzelfde werk te beginnen, dan zal UEd. ook begripen dat de Geldmiddelen van zulke menschen uitgeput moeten zijn.”²

* Die navorsing waarop hierdie artikel berus, is o.a. moontlik gemaak deur 'n toekening van die Nasionale Raad vir Sosiale Navorsing.

1. R.40/39: C. J. Brand aan A. Pretorius, dd. Kaapstad, 1 Junie 1839. Gepubliseer in *Voortrekkerargiefstukke*, p.84.
2. E.V.R. 235: Volksraad aan P. de Holl, dd. 3 Desember 1851 (Afskrif). R323 c/51: Volksraad aan Heemskerck, Knecht en Weimar, dd. 1 Oktober 1851.

Om onder sulke omstandighede 'n land wat uit die grond uit opgebou moes word, te administreer, was 'n byna onbegonne taak. Die individu kon nog deur die nood daartoe gedwing, in 'n sekere mate sy toevlug tot ruilhandel neem om op die wyse siel en liggaam aan mekaar te hou. Vir die staat was dit onmoontlik. Vir dienste van welke aard ook al, was harde kontant nodig wat op een of ander wyse van die verarmde onderdane verhaal moes word.

Die onrus en onbestendigheid wat kenmerkend was van die dae en waarvoor niemand in besonder verantwoordelik gehou kon word nie, is nog verder in die hand gewerk deur die byna oordrewe individualisme van die deursnee Transvaler. Omdat hulle in alle opsigte so gelykvormig was, het by die gemeenskap 'n verwronge gelykheidsopvatting bestaan met die gevolg dat 'n koppige onwilligheid ontstaan het om gesag te aanvaar of te eerbiedig. Dit het die regeringstaak van die handjievul gewilliges — self ook maar dom en onseker — ontsettend bemoeilik veral toe die verarmde gemeenskap te kenne gegee het dat hulle nie in staat nie, maar dikwels ook nie bereid was, om belasting te betaal nie.

Koppig en selfversekerd soos hulle was, was van 'n breë omvattende nasionale eenheid nouliks enige sprake met die gevolg dat groeppvorming te maklik plaasgevind het. Aan die begin van die sestiger jare het die verdeeldheid tot ernstige tweedrag aanleiding gegee en vir 'n tydperk van meer as drie jaar het 'n toestand van byna algehele regeringsloosheid geheers en is die bietjie vastigheid wat in die voorafgaande jare bereik is, weer vernietig.

Om alles te kroon, het die afgeleë Oor-Vaalse gemeenskap in ekonomiese opsig ook nie op die hulp en bystand van buurgemeenskappe kon reken nie. Omdat die Transvaal nie oor 'n eie hawe beskik het nie, moes vir in- en uitvoerdoeleindes van een of ander van die Britse hawens gebruik gemaak word wat hulle gunstige posisie uitgebuit het, swaar in- en uitvoerregte gehef het en op dié wyse tot die ekonomiese agteruitgang van die Transvaalse staat en bevolking bygedra het. Nie alleen is op die wyse pryse vir die verbruiker verhoog en die inkomste van die produsent verminder nie, maar is die Portugese konkurent veral met betrekking tot die ivoorhandel — vir baie jare lank die belangrikste uitvoerprodukt van Transvaal — in 'n gunstige posisie geplaas om met die Transvaal te wed-
ywer.³

Waar die Transvaalse „belastingbetaler” klaarblyklik onmagtig

en onwillig was om belasting te betaal, was die owerheid genoodsaak om ander bronne van inkomste te vind. Voorbeelde van verassend vindingryke oplossings kan in die verband genoem word — in ander opsigte het die maatreëls waarop besluit is, nuwe probleme veroorsaak en het dit nie tot die voordeel van die staat gestrek nie.

Die interessantste proefneming waaraan die landsvaders, as het ware deur die nood gedryf, hulle aandag gegee het, was die ontginning van die natuurlike hulpbronne waaroor hulle nie getwyfel het nie dat dit in 'n groot verskeidenheid en in groot hoeveelhede in die Transvaalse bodem opgesluit gelê het. Reeds in 1857 is op gesag van die Volksraad in 'n brief aan 'n belangstellende in Nederland geskryf: „Yzer erts is alhier in oervloed maar de bereiding of smelting is alhier geheel onbekend. Zoo ook het koper is in grooten oervloed.”⁴

In 'n brief wat net 'n dag later geskryf is, word selfs heel optimisties melding gemaak van die moontlikheid dat goud in Transvaal gevind sal word, maar dan word meewarig daaraan toegevoeg dat „voor ons is het onmooglyk om dat te bewerken of te vinden, omreden wij er geen verstand van hebben”.⁵ Wat hier gesê word, is slegs 'n herhaling van wat voorheen al opgemerk is oor die gebrek aan kennis van minerale-ontginning en dat die Transvalers hierdie kundigheid by die naturelle moes aanleer „die hun eigen koper smelten tot het maken van arm en handringen en andere versierselen. Yzer smelten ze insgelyks en staat gelyk met het beste onder ons bekende yzer.”⁶

Die gebrek aan kennis het egter nie verhinder dat 'n aantal vernuftige individue hulle tog met die ontginning van minerale besig gehou het nie. In 1855 is iewers in Noord-Transvaal pogings aangewend om bestaande kopermyne verder te ontgin. Hoeveel sukses met die poging behaal is, is as 'n gevolg van gebrekkige inligting ongelukkig nie bekend nie. In dieselfde jaar het landdros Van Staden van Rustenburg 'n mate van sukses met die smelt van lood behaal. Uit klip wat hy by 'n myn opgetel het waar naturelle voorheen ge-

4. E.V.R. 235, pp. 35—39: Volksraad aan J. Schutte Hoyman, dd. Lydenburg, 4 Desember 1851. Gepubliseer in *Notule van die Volksraad van die ZAR.*, deel II, p. 263.

5. E.V.R. 235, pp. 42—45: Volksraad aan J. A. Smellekamp, dd. Lydenburg, 5 Desember 1851. Gepubliseer in *Notule van die Volksraad van die ZAR.*, deel II, p. 275.

6. V.R. 52/48: Volksraadskommissie aan bestuur van Hollandsche Handel en Reedery Maatschappy, dd. Ohrigstad, 27 Julie 1848.

werk het, het hy 'n hoeveelheid lood gesmelt wat hy daarna tot die beskikking van pres. M. W. Pretorius gestel het.⁷

Die ywerigste eerste poging waarna egter verwys kan word om 'n edelmetaal — in hierdie geval goud — te ontdek, was die van P. J. Marais in 1953. Marais was nie die eerste blanke wat in Transvaal goud gesoek en gekry het nie. Voor hom was daar sprake dat Karl Kruger en na hom Frans du Preez iewers in Transvaal goud ontdek het terwyl baie min twyfel bestaan dat 'n sekere Davies, 'n opgeleide mineraloog uit Pietermaritzburg, in 1852 goud op die plaas Paardekraal aan die Witwatersrand ontdek het.

Marais wat nie sonder kennis van goudgrawing was nie, het in 1853 iewers in die Magaliesbergreeks 'n hoeveelheid goud ontdek. Onmiddellik daarna het hy in 'n brief aan die Volksraad gevra om toegelaat te word „te zoeken of ik niet goudmynen kan uitvinden dat ryk genoeg is om te worden bewerkt”.⁸ Die Volksraad, diep onder die indruk van wat 'n ryk goudfonds vir die jong staat kon beteken, het dadelik 'n ooreenkoms met Marais aangegaan en onderneem om hom op 'n baie billike grondslag te vergoed indien hy 'n waardevolle ontdekking sou maak. Aan die ander kant het die Volksraad ook besef dat 'n belangrike ontdekking in dié verband, onmiddellik internasionale belangstelling op die Transvaal sou vestig en het daarom van Marais volstrekte geheimhouding verwag. Miskien het die landsvaders die saak te ernstig opgeneem toe hulle Marais gedreig het dat as hy besonderhede oor 'n eventuele ontdekking aan 'n vreemde staat of persoon sou uitlap en op die wyse die veiligheid van die staat in dié gedrang sou bring, hy sonder verskoning selfs met die dood gestraf sou kon word.

Van die grootse onderneming het uiteindelik min of meer niks teregekom nie. Nadat Marais verskillende ontdekkingsreise in Transvaal onderneem het, het hy in die loop van 1855 vir 'n tweede keer 'n verslag aan die Volksraad oor sy werksaamhede voorgelê. Daarin maak hy melding van 'n intensiewe soektog in die omgewing van die dorp Zoutpansberg waarna hy in geselskap van dr. William Way 'n tweede besoek aan die Jukskeirivier gebring het. Terwyl hy hier rond gewerk het, het hy selfs 'n besoek aan die nuwedorp „Pretorium” gebring waarna hy na Wes-Transvaal gegaan het en in die omgewing van Marico en „Maly Many” sy soektog voortgesit het. Hoewel al sy pogings tevergeefs was en geen neerslag van enige be-

7. R.788/55: Landdros van Staden aan M. W. Pretorius, dd. Rustenburg, 27 Maart 1855.

8. V.R. 371/53: P. J. Marais aan die Volksraad, dd. Potchefstroom, 1 Desember 1853.

tekenis gevind kon word nie, het hy nie moedeloos geraak nie en die Volksraad meegedeel dat hy hoop om binne 'n paar maande „eene lands reis aantegaan in gezelschap van den Heer Jan Viljoen Veld Kortnet van Marriekoo, naar eene streek lands ten Noord Westen van de Crocodel rivier, gelegen tusschen het opperhoofd Segomoo en het opperhoofd Matselekaats en het kan lig gebeuren dat wy van daar nog verder Noordwaarts zullen gaan in de rigting van het land dat nu bewoond word door het opperhoofd Matselekaats en misschien nog verder.”⁹

Die Volksraad was met die verslag nie tevrede nie. Die nuus oor goudontdekking het intussen na buite bekend geword en Marais is ten onregte van die uitlekking verdink. Sonder om enige rede te noem, besluit die Volksraad dat Marais in persoon voor die volgende sitting van die Raad moes verskyn en word hy belet „om voor dat hy dit verslag gedaan heeft met zijn onderzoekingen voort te gaan.”¹⁰ Marais het in die besluit waarskynlik een of ander onheilspellende klank verneem en besluit dat dit die veiligste sou wees om liewers nie voor die Volksraad te verskyn nie. Hy het die Transvaalse stof van sy voete afgeskud en met 'n winkelbesigheid in Dordrecht begin.¹¹

Terwyl die slothoofstuk van Marais se goud-poging geskryf is, het M. W. Pretorius van 'n sekere W. Mirdone 'n brief ontvang waarin hy van sy belangstelling in minerale-ontginning melding maak en waarin hy verneem of aan hom 'n omvattende konsessie in dié verband toegestaan sal word. Hy maak ook melding van sy voorneme om 'n Britse maatskappy op te rig en Britse deskundiges die land in te bring om toesig oor die werk te hou.

Wat die invloed van Mirdone se brief was, is moeilik om te bepaal. Sover vasgestel kan word, het die president dit gladnie beantwoord nie. Sonder uitwerking was dit waarskynlik nie want toe M. W. Pretorius ongeveer 'n maand of ses later 'n brief aan die Volksraad skryf waarin hy melding maak van die verskeidenheid mynstowwe wat in die Republiek ontdek is, het hy daarin beklemtoon dat die regering beheer daarvoor moes hou en as inisiatiefnemers in verband met die ontginning daarvan moes optree. Hy stel derhalwe voor dat 'n aantal persone teen 'n redelike vergoeding aangestel moes word om die toesig oor die myne waar te neem.¹² Mirdone

9. V.R. 427/55: P. J. Marais aan die Volksraad, dd. Potchefstroom, 7 April 1855.

10. V.R.B. 14 Junie 1855, art. 10.

11. G. S. Preller: Die eerste ontdekking van goud, *Die Huisgenoot*, 28 Augustus 1936, p.33.

12. A. N. Pelzer: *Wordingsjare*, p. 92.

se versoek om 'n Britse maatskappy op te rig, het die President klaarblyklik nie aangestaan nie, hom gewaarsku teen uitbuiting deur vreemdelinge en hom genoodsaak om staatsinisiatief in die plek van vreemde of private inisiatief te stel.

Ter uitvoering van hierdie beleid waarmee die Volksraad saamgestem het, is besluit om eienaars van plase waar minerale ontdek word, te verplig om die plase aan die staat te verkoop of te verhuur.¹³ Voorts is besluit om 'n uitnodiging te rig aan almal met 'n kennis van loodsmeltery om met die regering in aanraking te kom. Enige persoon wat goeie getuigskrifte kan voorlê „zal daartoe de ondersteuning van dit Gouvernement genieten, en by de eerste aflevering van 1000 pond Lood, de Somma van R200 als eene Belooning ontvangen.”¹⁴ Hoe gunstig die reaksie op hierdie uitnodiging was, kan nie bepaal word nie, maar nog in die loop van 1857 het die staat op minstens die plaas Sterkwater ongeveer 18 myl van Pretoria af, 'n loodmyn vir eie rekening begin ontgin. Twee Duitsers, H. J. Schultz en Alfr. Albrecht, het die saak vir die staat beheer.

Die bedrywighede op Sterkwater, wat egter nooit 'n groot sukses was nie, het Pretorius aangespoor om nuwe moontlikhede te laat ondersoek. Vir die doel het hy R.O. Greening as mynmeester aangesel om die moontlikhede van 'n aantal ander loodmyne te gaan vasstel. Die uitslag van die ondersoek was ongunstig, maar Greening se verslag nie sonder betekenis nie. Met betrekking tot mynbedrywighede gee hy aan die hand dat die staat self as ondernemer moes optree en alle verantwoordelikheid self moes dra of anders die land moes oopstel en die ontginningswerk aan private ondernemingsgees moes oorlaat.

Die aanbeveling van Greening was nie sonder uitwerking nie omdat vrywel onmiddellik nadat sy verslag ontvang is, is in April 1859 besluit dat die publiek toegelaat sal word om vir eie rekening 'n aandeel aan die ontginning van minerale te neem. Met hierdie toeweging het die staat hom nog nie van die toneel onttrek nie en voorlopig voortgegaan met sy eie bedrywighede. Te lank sou dit egter nie duur nie. Onoorkomelike probleme in verband met die voorsiening van kapitaal, arbeid en gereedskap is ondervind met die gevolg dat die Volksraad in September 1859 besluit het om die bepaling waardeur eienaars van mynplase verplig kan word om hulle eiendom aan die staat te verhuur of te verkoop, te herroep en „de ontginning der mynen in deze Republiek open te zetten voor particuliere Maatschap-

13. V.R.B. 22 September 1858, art. 29.

14. Staats Courant, 2 Oktober 1857.

pijen.”¹⁵ Daarmee is aan privaat inisiatief die geleentheid gegun om hom op die gebied van mynontginning te laat geld — ’n geleentheid waarvan deur ’n hele aantal individue gebruik gemaak is.

Voordat private inisiatief egter behoorlik op dreef kon kom, het die staat nog ’n keer sy gesag laat geld en ’n beweerde belangrike ontdekking bevries. Vroeg in 1861 het landdros Du Toit aan waarnemende staatspresident St. Schoeman berig dat hy „nu voor zeker geslaagd ben om de steenkolen uit te vinden.” Hy deel verder mee dat hy langs „de geheele spruit, genaamd dwars in de weg” neerslae aangetref het. Omdat die grond daar nog nie geïnspekteer is nie, gee hy aan die hand „de zelve dadelyk te proclameeren tot nut van het gouvernement”.¹⁶ Schoeman het nie gras onder sy voete laat groei nie en sonder om die Volksraad of die Uitvoerende Raad in die saak te ken, twee dae later per proklamasie bekend gemaak dat niemand enige reg of aanspraak op die myne sal kan laat geld nie.¹⁷

Private inisiatief het die bal behoorlik aan die rol gesit toe J. G. C. van Leenhof namens die direksie van die *Z.A. Myn-Maatschappy* vroeg in 1860 met voorlegging van ’n konsep-oktrooi bestaande uit 17 artikels, toestemming van die Volksraad en die Uitvoerende Raad gevra het om ’n maatskappy op te rig, „ten doel hebbende ontginning van mynen en smelten der ertsen.”¹⁸ Die oktrooi wat vir oorweging aan die regering voorgelê is, kon ongelukkig nie teruggevind word nie, maar uit ’n aanvullende aansoek kan die afleiding gemaak word dat die direksie ’n openbare maatskappy gestig het en aandele aan die publiek te koop aangebied het. Die oogmerk met die maatskappy was om die uitsluitlike reg oor alle mynbedrywighede en die smelt van erts in die Republiek vir ’n tydperk van tien jaar te verkry.¹⁹

Toe hierdie aansoek voor die Uitvoerende Raad gedien het, het die liggaam dit sonder enige aanbeveling aan die Volksraad gestuur omdat die voorgelegde stukke nie onderteken was nie en geen name van direkteure of ander belanghebbendes bekend gestel is nie. Die Volksraad wou klaarblyklik om dieselfde redes nie die aansoek behandel nie en het dit sonder ’n besluit aan die Uitvoerende Raad teruggestuur.²⁰ Nadat die besware aan Van Leenhof bekend geword

15. A. N. Pelzer: *Wordingsjare*, p. 95.

16. R.424/61: Andries du Toit aan St. Schoeman, dd. Arcadia, 2 Februarie 1861.

17. R.4244/61 en Proclamatie *Gouvernements Courant* van 8 Februarie 1861. Vgl. ook *The Cape Mercantile Advertiser* van 11 Maart 1861.

18. R.3670/60 en R.3676/60: J. G. C. van Leenhof aan respektiewelik die Volksraad en Uitvoerende Raad, dd. Pretoria 3 en 5 April 1860.

19. R.3677/60: R. G. Greening aan goewermentsekretaris, dd. Pretoria, 5 April 1860.

20. V.R.B. 10 April 1860, art. 60.

liet, het hy die ontbrekende besonderhede vrywel onmiddellik beskikbaar gestel sodat die Uitvoerende Raad net 'n dag later besluit het dat 'n maatskappy onder direksie van H. Austin, dr. A. Arnoldi, H. S. Lombaard, J. Evans, R. Soden, M. J. Viljoen en J. G. C. van Leenhof gedurende 'n tydperk van vyf agtereenvolgende ure alleen in die Republiek as mynmaatskappy toegelaat sal word en „als zoodanig tot het ontginnen van mynen en uitsmelten van ertsen geregtigd zyn.” Die monopolie sou egter alleen op staatsgronde betrekking hê sodat elke burger op sy grond met sy minerale kon doen wat hy wou. Uit die opbrengs van die maatskappy se bedrywighede sou 'n 1/2% by wyse van kommissie aan die staat betaal moes word. Vir die ontginning van goud, silwer of ander edelgesteentes sou egter afsonderlik voorsiening gemaak word.²¹

Met die maatskappy het dit ongelukkig nie goed gegaan nie. Nadat die bedrywighede 'n jaar aan die gang was, is die eerste verslag van die direkteure openbaar bekend gestel. Daaruit het geblyk dat ongeveer R800.00 aan salarisse en vir die maak van ondoeltreffende oonde uitgegee is, terwyl ongeveer net 400 pond lood gesmelt is. 'n Verslaggewer wat oor die saak rapporteer, vermeld dat die onderneming waarskynlik gestaak sal word wat jammer is omdat die erts besonder ryk is en van 75 tot 90% suiwer lood oplewer.²² Waar die ryk fondse ontgin is, word egter nie in die verslag vermeld nie. Na hierdie eerste verslag is nie weer van die maatskappy verneem nie en dit kan aanvaar word dat dit alle bedrywighede gestaak het.

Blykbaar het die staat hom deur die monopolie van vyf jaar aan die maatskappy gebonde geag omdat dit tot 1866 geduur het voor weer 'n aansoek om minerale te ontgin, ontvang of oorweeg is. By hierdie geleentheid het Gustavus Dehm, 'n meganikus uit Holland, met kennis van koper-, yster- en loodsmelterye aansoek gedoen om vir eie rekening of in diens van die regering, 'n loodsmeltery op te rig. Die Uitvoerende Raad wat die aansoek oorweeg het, het dit ook in beginsel toegestaan maar van Dehm verwag om eers meer besonderhede aan die regering voor te lê.²³ Wat daarna gebeur het, is onbekend omdat die naam van Dehm nie weer in amptelike stukke voorkom nie.

Dieselfde jaar toe Dehm op die toneel verskyn het, het M. W. Pretorius probeer om ook die ystersmeltery te bevorder. Tydens 'n

21. V.R.B. 11 April 1860, art. 25.

22. *The Cape Mercantile Advertiser*, 10 Julie 1861.

23. R.266/66:: James Gray van die die man in die maan is die een wat die man

23. R.266/66: Gustavus Dehm aan die Uitvoerende Raad, dd. Potchefstroom, 26 Februarie 1866; V.R.B. 22 Mei 1866, art. 31.

besoek aan Durban vroeg in 1866, het die president na 'n ystersmeltery van James Gray gaan kyk. Pretorius het Gray se aandag toe daarop gevestig dat steenkool en ystererts in groot hoeveelhede in Transvaal aangetref word. Voorlopig het niks gebeur nie, maar later in die jaar het Gray uit eie beweging 'n brief aan die staatsekretaris geskryf om te verneem waar steenkool en ystererts in die Republiek aangetref word en hoever die plekke van mekaar is. Gray het ook aangebied om persoonlik die saak in Transvaal te kom ondersoek, maar het tog belanggestel om te weet of die regering sy onkoste sou dra.²⁴ Die president wat 'n besoek van Gray verwelkom het, het in sy aanspraak voor die Volksraad op 10 September 1866 die Raad meegedeel dat Gray bereid was om sy ystersmeltery na die Republiek oor te plaas, op al die voordele daaraan verbonde gewys en aanbeveel dat 'n bepaalde bedrag vir die bestryding van Gray se reiskoste op die begroting geplaas word.²⁵ Op aanbeveling van die Begrotingskomitee na wie die saak verwys is, het die Volksraad besluit om 'n bedrag van R300.00 vir die doel te bewillig en is Gray dienooreenkomstig in kennis gestel.²⁶

Gray het daarop in Desember 1867 'n besoek aan Transvaal gebring. Wat sy bevindings presies was, staan nêrens opgeteken nie, maar blykbaar was hy gunstig beïndruk omdat hy tydens sy besoek aan Transvaal uit Pretoria 'n brief aan die president gerig het om te verneem wat die houding van die regering sal wees en welke ondersteuning van regeringsweë aan 'n onderneming gegee sal word wat 'n yster- of ander soort smeltery in die Republiek sal oprig.²⁷ Die saak wat na 'n lang gesloer skynbaar goed op dreefgekom het, het egter weer net so vinnig tot 'n verval gekom. Dit is onseker of die president ooit Gray se brief beantwoord het en as hy geantwoord het, was dit waarskynlik ongunstig omdat van die beoogde ystersmeltery niks tereg gekom het nie.

Wat die president se optrede in die verband ook al was, kon hy nie sonder meer van belangeloosheid of pligsversuim beskuldig word nie. Sedert die eerste onderhandelinge met Gray aangeknoop is, het 'n nuwe ontwikkeling in Pretoria plaasgevind wat uiteindelik soveel

24. R.788/66: James Gray aan goewermentsekretaris, dd. Durban, 6 Augustus 1866.

25. *Staats Courant*, 11 September 1866: Aanspraak van die Staatspresident, 10 September 1866, art. 16.

26. Notule Begrotingskommissie, dd. 26 Oktober 1866, art. 12 (f), gepubliseer in *Notule van die Volksraad van die ZAR.*, deel VI, p. 168; V.R.B., 2 November 1866, art. 621; BB.188/67: J. W. Spruyt aan James Gray, dd. Pretoria, 30 April 1867.

27. R.612/67: James Gray aan goewermentsekretaris, dd. Durban, 11 Junie 1867; R.1280a/67: James Gray aan M. W. Pretorius, dd. Pretoria, 17 Desember 1867.

belofte ingehou het dat die persident nie meer geredelik aan eise van enige ander persoon kon toegee nie. Op 26 Maart 1866 het P. J. Marais, John Lys, A. Brodrich en W. Munro hulself in 'n brief aan die staatspresident en die Uitvoerende Raad bekend gestel en meegedeel dat hulle 'n maatskappy gestig het met die doel om minerale in die Republiek te ontgin.²⁸ Skynbaar moes die regering kennis gedra het van iets wat aan die gang was want sonder om die saak verder te ondersoek, spreek die Uitvoerende Raad nog dieselfde dag sy blydschap uit oor die belangstelling van inwoners van die Republiek in die welvaart van die land en wat bereid is om organisasies te vorm om die delf van minerale te bevorder. Sonder aarseling word „UE. Heeren van heden af door de regering der Z. Afr. Repb. als ligchaam gesantioneert en erkent.”²⁹

Aangemoedig deur die gunstige reaksie, het die viertal op 5 Mei 1866 weer van hulle laat hoor en toe aansoek gedoen „ter verleening eener Manifest om de delfstoffen in deze Republiek te bewerken.” Wat presies met die „Manifest” bedoel is, is uit die skrywe nie duidelik nie, maar uitvloei van die aansoek was weer eens 'n redelike vinnige reaksie van die Uitvoerende Raad en is presies 'n maand later, 'n akte van ooreenkoms tussen die regering en die vier persone as bestuurders van 'n mynmaatskappy bekend as *De Zuid-Afrikaansche Republiek Mynmaatschappij Gelimiteerd*, aangegaan. Die maatskappy is gevorm met 'n kapitaal van R20,000.00 bestaande uit 2000 aandele van R10.00 elk en het hom ten doel gestel om myne te open en lood, koper en ander erts te smelt.³⁰ In 'n advertensie in die *Staatskoerant* het die maatskappy homself daarna aan die publiek bekend gestel en daarin te kenne gegee dat hoewel die aanvangskapitaal tot R20,000.00 beperk is, die bedrag mettertyd tot R200,000.00 uitgebrei kan word. Aan voornemende aandeelhouders word 'n baie optimistiese prentjie voorgedra — „Having obtained a charter from the Government and secured several valuable Mineral farms, the Company is now in a position to commence operations”³¹ — dit was woorde, nie alleen bedoel om aandeelhouders te lok nie, maar ook om uitdrukking te gee aan 'n vasberadenheid om van die onderneming 'n sukses te maak.

Die ooreenkoms met die Uitvoerende Raad was net 'n beginsel-ooreenkoms. Voordat die saak afgerond kon word, moes die be-

28. R.455/66: P. J. Marais, John Lys, A. Brodrich en W. Munro aan Staatspresident en Uitvoerende Raad, dd. Pretoria, 26 April 1866.

29. BB. 1512/66: M.W. Pretorius aan P. J. Marais, dd. Pretoria, 26 April 1866.

30. R.476/66 en V.R.B. 5 Junie 1866

31. *Staats Courant*, 31 Julie 1866.

sonderhede nog eers aan die Volksraad vir beoordeling voorgelê word. Dit het gebeur tydens die September 1866-sitting en is met 'n warm aanbeveling van die staatspresident aan die Volksraad bekend gestel.³² Die saak is daarna op die gebruikelike wyse verwys na 'n kommissie wat aanbevelings oor die verslag van die staatspresident moes maak. Omdat hierdie kommissie die konsep-akte „boven hare bevoegdheid” geag het,³³ is dit na die Volksraad terug, waar besluit is om alle voorstelle met betrekking tot „mynwerken en mynmaatschappien” na 'n kommissie te verwys bestaande uit die here Proes, Robinson en Pistorius.³⁴

Op dié wyse het die kommissie 'n dubbele taak te verrig gehad. In die eerste plek moes dit 'n konsepwet op mynwyse beoordeel wat deur die Uitvoerende Raad op 26 April 1866 opgestel is en daarnaas, maar in verband daarmee, die ooreenkoms aangegaan op 5 Junie 1866 tussen die Uitvoerende Raad en die mynmaatschappy, beoordeel.³⁵ Van albei take het die kommissie hom op 'n voortreflike wyse gekwyt sodat die Volksraad op 31 Oktober 1866 in die eerste plek sy goedkeuring kon heg aan die voorgestelde Wet op Mynwyse³⁶ en daarna die voorgestelde Akte van Ooreenkoms met 'n geringe wysiging goedkeur.³⁷ Onmiddellik na die bekragtiging van die twee belangrike stukke, het die Volksraad 'n teenstrydige handeling verrig. Die Wet op Mynwyse is aangeneem met die uitdruklike oogmerk om die ontginning van minerale te bevorder en tog, onmiddellik na die aanname daarvan, het die Volksraad besluit „om aan deze maatschappy, als zynde de eerste, iets te geven als voorkeur, namelyk dat er binnen de eerste vyf jaren, geen charter aan eene andere maatschappy door de regering zal worden verleend.” Met dié besluit, is die oogmerke met die wet nie alleen tot 'n sekere mate verydel nie, maar was Pretorius se hande in sy onderhandeling met Gray afgekap sodat van laasgenoemde se voorgenome ystersmeltery in die Republiek niks tereg kon kom nie.

Die beweerde goud-ontdekking van die Duitse geoloog, Karl Mauch, in die gebied ten noorde van die Republiek, het in beperkte

32. *Staats Courant*, 11 September 1866: Aanspraak van die Staatspresident, dd. 10 September 1866, art. 15.

33. E.V.R. 109, pp. 348—357: Verslag van Kommissie, art. 35. Gepubliseer in *Notule van die Volksraad van die Z.A.R.*, deel VI, p. 151.

34. V.R.B. 15 Oktober 1866, artt. 403—5.

35. E.V.R. 109, pp. 217—222: Notule van die Kommissie. Gepubliseer in *Notule van die Volksraad van die Z.A.R.*, deel VI, p. 156.

36. V.R.B. 31 Oktober 1866, art. 609; Ordonnantie No. 5 van 1866 in *Locale Wetten der Z.A. Republiek, 1849 — 85*, p. 295.

37. V.R.B. 31 Oktober 1866, art. 610; E.V.R. 109, pp. 209—212. Gepubliseer in *Notule van die Volksraad van die Z.A.R.*, deel VI, p. 159.

sin 'n soort stormloop van fortuinsoekers na die gebied veroorsaak. Dit is begryplik dat Transvaal die belangstelling nie heeltemal kon vryspring nie. Vroeg in 1869 is so 'n fortuinsoeker deur niemand minder nie as die luitenant-goewerneur van Natal aan president Pretorius bekend gestel en sterk by hom aanbeveel. In die aanbevelingsbrief van Robert Keate word John Swinburne en sy groep se oogmerke soos volg beskryf: „ . . . for the purpose of investigating and exploring the Gold Fields reported to have been discovered on the borders of the Transvaal Territory.”³⁸

Nadat die president voldoende tyd gegun is om oor die saak na te dink, het Swinburne persoonlik met hom in aanraking gekom en blykbaar om die belangrikheid van sy oogmerk te beklemtoon, twee briewe op dieselfde dag aan die staatspresident geskryf. In die eerste brief doen hy as voorsitter van die *London and Limpopo Mining Company* namens sy maatskappy aansoek vir „the exclusive right of running Engines driven by Steam without rails, or traction Engines, in any part of the South African Republic for a term of 99 years”.³⁹ In die tweede brief word die byna grenslose ambisie van die maatskappy vollediger uiteengesit. „The above company”, so skryf hy hierin, „is formed for the purpose of exploring and developing the Minerals of South Africa; also for establishing manufactures; Banking, Importation of Goods and ammunition either for your Government or Private Individuals; importing machinery; and General Agency in South Africa. Besides the above named objects the Company is anxious to establish Transport by Traction Engines, Railways, and also to erect Telegraphs by which means the produce of the country may become of value to the Cultivation of the soil.” Omdat die onbaatsugtige oogmerke van die maatskappy reeds deur die luitenant-goewerneur van Natal onder die president se aandag gebring is, „it is therefore unnecessary for me to explain further the objects of the company. It only remains for me to say that the prosperity of the South African Republic and the development of its resources are a matter of deep moment and interest to myself and colleagues.”⁴⁰

Na hierdie voorlopige sagmaak, het die werklike oogmerke van die maatskappy met 'n omvattende aanbod aan die lig gekom. Die

38. R.200/69. R. Keate aan M. W. Pretorius, dd. Government House, Natal, 4 Januarie 1869.

39. R.196/69: John Swinburne aan M. W. Pretorius, dd. Potchefstroom, 5 Maart 1869.

40. R.197/69: John Swinburne aan M. W. Pretorius, dd. Potchefstroom, 5 Maart 1869.

maatskappy bied naamlik aan om £60,000 of minder aan goewermentsnote van die regering te koop teen 10/- in die £1 en daarvoor soos volg te betaal: 2/6 in Britse munt, 2/6 in die maatskappy se eie note betaalbaar na twee jaar; die maatskappy se note sal betaalbaar wees in sy eie bank en al die besittings van die maatskappy binne en buite die Republiek saam met al die goewermentsgrond, sal dien as waarborg vir die note.

Om die aanbod uit te voer, verwag die maatskappy van die regering dat al die plase in die Republiek wat nie reeds aan private individue behoort nie, aan die maatskappy oorhandig word; dat die note van die maatskappy as wettige betaalmiddel aanvaar sal word; dat alle minerale regte op plase wat nie aan private individue behoort nie, aan die maatskappy gegee sal word; dat die maatskappy die uitsluitlike bankregte in die Republiek sal kry; dat die maatskappy die reg verkry om die plase wat hy as sekuriteit sal ontvang op die beste mark te verkoop teen 'n kommissie van 5% op goud, 4% op silwer, 1½% op koper en 'n ½% op alle minerale; dat die maatskappy onthef word van die verpligting om enige kommissie aan die regering te betaal ná betaling van die bedrag van £50,000.⁴¹

Wat Swinburne met sy lagwekkende voorstel beoog het, is moeilik om te sê, maar soos maklik voorsien kan word, is dit deur die regering byna minagtend koel behandel. M. W. Pretorius wat gewoonlik maklik opgewonde geraak het oor enige voorstel waarby die Republiek ekonomies kon baat, was hierdie keer gereserveerd en het in sy *Aanspraak* slegs van die aanbod melding gemaak en meegedeel dat die korrespondensie ter tafel gelê sal word. In die verdere behandeling van die saak, het die Volksraad hom laat lei deur 'n besluit van die Uitvoerende Raad en besluit om „Sir John Swinburne in antwoord op zyn voorstel ter kennis te bringen, dat de Raad niet van plan is, op deze onaanneemlyk en voor de Republiek schadelijke plannen, in te gaan.”⁴² Sir John is daarna dienooreenkomstig deur die staatspresident ingelig.

Nouliks was die Swinburne-konsert oorgewaaï of die Republiek is met 'n nuwe groep awonturiers gekompromiteer. In die loop van 1869 het *The South African Gold Fields Exploration, Company Limited*, die vrymoedigheid geneem om sy prospektus aan die regering van

41. R.198/69: John Swinburne aan M. W. Pretorius, dd. Potchefstroom, 8 Maart 1869. Uit aanvullende inligting wat in R.379/69 verskaf word, blyk dit dat die maatskappy oor 'n kapitaal van £30,000 beskik het verdeel in 300 aandeel van £100 elk.

42. *Staats Courant*, 5 Mei 1869: Aanspraak van die Staatspresident, dd. 3 Mei 1869, art. 6; U.R.B. 5 Mei 1869, art. 101; V.R.B. 17 Junie 1869, art. 236.

die Republiek te stuur. Die uitlandse karakter van die maatskappy kom daarin duidelik tot openbaring. Die vyf direkteure was J. Berghtheil (Londen), P. T. Blyth (Londen), R. J. Mann (Natal), H. L. Phillips (Londen) en R. Wardrop (Croydon). Die kapitaal van die maatskappy sou bestaan uit die opbrengs van 100,000 aandele wat teen 5/- elk van die hand gesit sou word. Die oogmerke van die maatskappy word ook duidelik soos volg in die prospektus uiteengesit: „This Company has been formed for the purpose of ascertaining the practicability of working the recently discovered Gold Fields in South Africa, and, if found desirable, of acquiring and securing in freehold or otherwise a portion of the territory upon which these Gold Fields exist, and of obtaining mining grants and concessions.”⁴³

Die oogmerke van die maatskappy het dus klaarblyklik betrekking gehad op grond wat buite die Transvaal geleë was. Voeg ons daarby dat die onrepublikeinse agtergrond van die direkteure en die onaangename ervaring met die brutale eise van Swinburne en sy groep, val dit nie moeilik om te vermoed wat die reaksie aan Transvaalse kant teenoor die maatskappy sou wees nie. Nêrens in die amptelike dokumente kan enige aanduiding gevind word dat hoegeenaamd oor die maatskappy beraadslaag is of daarmee onderhandelings gevoer is nie.

Net soos Mauch se beweerde goud-ontdekking 'n opskudding in bepaalde kringe veroorsaak het, so het ook die ontdekking van diamante aan die Transvaalse Suidwes-grens die verbeelding van baie mense aangegryp. Maar anders as in die geval van goud wat net deur kapitaalkragtige maatskappye ontgin kon word, is diamanthoudende gebied as die eiendom van die gemeenskap beskou. Hierdie opvatting het in die loop van 1870 vir M. W. Pretorius in 'n ernstige dilemma laat beland. Heeltemal ter goedertrou het die staatspresident op 24 Junie 1870 'n ooreenkoms met Munnick, Posno en Webb, bestuurders en aandeelhouers van die *Transvaalsche Diamant en Mijn Maatskappy* aangegaan en aan die here vir 'n tydperk van 21 jaar „het uitsluitend regt, aanspraak op en het graven van alle diamanten of andere edelgesteentes van welken aard ook” verleen „op en in alle gronden tusschen de Hartsrivier en Vaalrivier.”⁴⁴ Die hele transaksie het die goedkeuring van die Volksraad geniet.⁴⁵

Toe die inhoud van die ooreenkoms daarna bekend geword het,

43. R.507/69: Prospektus van die maatskappy.

44. S.461, p. 308: Oorspronklike kontrak tussen M. W. Pretorius en Transvaalsche Diamant en Mijn Maatskappij.

45. V.R.B. 8 Junie 1870, artt. 159, 161, 162, 166 en 170.

het dit in wye kring verontwaardiging gewek — hierin waarskynlik voorgegaan deur *De Tyd* wat in 'n nuusberig beweer het dat die kommissie wat die maatskappy aan die staat moes betaal, heeltemal ontoereikend was.⁴⁶ Daarna het beroering onder die publiek ontstaan en is georganiseerd teen die konsessie geprotesteer. Die swaarste protes het uit Potchefstroom gekom waar sewe gelykluidende proteste onderteken deur 596 persone op grond van die volgende oorewegings die ooreenkoms met Munnick, Posno en Webb onaanvaarbaar geag het: Die voorwaardes waaronder die konsessie toegeken is, is uiters nadelig vir die regering en die publiek; die regering het nie voldoende kontrole oor die bedrywighede van die maatskappy nie; onder die voorwaardes van die konsessie is die staat verantwoordelik om die belange van die maatskappy te beskerm wat 'n gevaarlike situasie kan laat ontstaan omdat die grond wat aan die maatskappy afgestaan is, betwiste gebied is en dit die Republiek vroeër of later in groot moeilikheid kan laat beland; die konsessie skep 'n monopolie in stryd met die belange van die inwoners.⁴⁷

Die Potchefstroomse voorbeeld het spoedig navolging gevind toe 72 persone uit die distrik Pretoria ook afkeurend van hulle laat hoor het. Na hulle oordeel, sal deur die skema, die publieke belang onberekenbare skade berokken word ten voordeel van 'n betreklike klein groepie spekulant. Indien die staat die grond sou behou, kan dit gebruik word om „op eens de circulatie en waarde der noten” te verbeter en as slegs 'n deel van die grond verkoop sou word, dit die regering in staat behoort te stel om die note in hulle geheel af te los.⁴⁸

Omdat die landsvaders gedurende die 60-er jare van die vorige eeu uitermate gevoelig was vir die openbare mening, het die president vinnig gereageer nog voordat die eerste protesgeskrif aan die owerheid deurgestuur is. In Augustus 1870 was Pretorius 'n lid van 'n kommissie wat afgevaardig was om die suidwestelike grens te reël. Reeds op 9 Augustus het hierdie kommissie met Munnick, Posno en Webb in korrespondensie getree na aanleiding van die proteste wat uit alle oorde waarneembaar was. In 'n brief wat drie dae later gevolg het, word reeds op die vernietiging van die konsessie gesinspeel en toe die konsessionarisse nog dieselfde dag min of meer gunstig op die brief gereageer het, het die kommissie sonder

46. *De Tyd*, 21 Julie 1870.

47. R.1088/70. F. W. Reid aan waarnemende pres. M. J. Viljoen dd. Potchefstroom, 14 September 1870.

48. R.1412/70: Memorie uit distrik Pretoria, dd. 13 November 1870.

aarseling toegeslaan en Munnick, Posno en Webb in kennis gestel dat die konsessie teruggetrek is.⁴⁹

Nog voor hierdie konsessie teruggertek is, het Munnick hierdie keer in geselskap van O. W. A. Forssman aansoek gedoen om 'n voorlopige konsessie vir die maak van 'n geskikte pad vanaf die Portugese grens wat deur stoom- en ander trekwaens gebruik kan word. Die Volksraad was die saak goedgesind en het besluit om die Uitvoerende Raad te magtig om so 'n konsessie aan te gaan en soveel grond as wat nodig was, vir die doel beskikbaar te stel.⁵⁰

Met die groeiende belangstelling wat ons gedurende die 60-er jare in minerale ontginning in die Zuid-Afrikaanse Republiek aantref, is dit te verwagte dat 'n soortgelyke belangstelling ook op landboukundige gebied sou intree. Hoewel skaapboerdery langsaam in die Oor-Vaalse gebied posgevat het, het daar aan die begin van die 60-er jare tog 'n sterk ontwikkeling ingetree en is daar jaarliks meer wol uitgevoer.⁵¹ Van hierdie gunstige ontwikkeling, getuig handelaar H. Austin nog in 1864 toe hy in 'n mededeling aan sy kliënte daarop wys dat alhoewel wol van 'n goeie gehalte in die Republiek gekweek word, dit op die Engelse markte teen lae pryse verkoop word. Hierdie verskynsel skryf hy toe aan die swak behandeling en versorging van gebaalde wol en moedig hy sy kliënte in hulle eie belang aan om „voortaan de wol zorgvuldig te wasschen en te behandelen.”⁵²

Blykbaar het hierdie mededeling daartoe aanleiding gegee dat die oprigting van 'n wolwassery veral by die Potchefstroomers 'n obsessie geword het. In Augustus 1865 het J. J. Meintjes in 'n skrywe aan die Uitvoerende Raad die betekenis van die wolbedryf beklemtoon en in verband daarmee veral vir Transvaal met sy lang afstande na die kus, die behoefte aan 'n wolwassery geskets. In die brief deel hy die Uitvoerende Raad dan ook mee van sy voorneme om in die nabyheid van Potchefstroom 'n wolwassery op te rig.⁵³ Wat van sy voorneme geword het, is nie bekend nie. Charles Rickett het in die opsig waarskynlik verder gevorder. By hom het dit nie net 'n voorneme gebly nie want volgens 'n mededeling aan die Volksraad in Maart 1866 was sy gebou vir 'n wolwassery reeds voltooi op 'n

49. R.1648/70: Notule van afgevaardigde kommissie na Suid-westelike grens.

50. V.R.B. 21 Junie 1870, art. 214.

51. V.R. 467/60: Verslag van wn. pres. J. H. Grobler gepubliseer in *Notule van die Volksraad van die Z.A.R.*, p. 333.

52. *Staats Courant*, 22 November 1864 (Advertensie).

53. R.878/65: J. J. Meintjes aan U.R., dd. Potchefstroom, 5 Augustus 1865.

stuk grond geleë aan die Mooirivier in die boonste gedeelte van Potchefstroom.⁵⁴

Blykbaar het hierdie eerste pogings nie die gewenste resultaat opgelewer nie omdat C. G. C. Rocher in die loop van 1868 weer die groot behoefte aan 'n wolwassery in die dorp Potchefstroom beklemtoon het. Om hom in die opsig behulpsaam te wees, versoek hy die Uitvoerende Raad om 'n bepaalde stuk grond in die dorp teen 'n billike prys vir die doel aan hom te verkoop.⁵⁵ Die lotgevalle van Rocher se poging is ook onbekend.

Terwyl in Potchefstroom deur verskillende persone beplan is om 'n wolwassery op te rig, het 'n groep van vyf in Utrecht hulle voorneme aan die staatspresident bekend gemaak om daar plaaslik 'n saagmeule op te rig. Omdat groot onkoste aan so 'n onderneming verbonde is en omdat hulle bang was vir konkurensie van ander uit dieselfde omgewing, versoek hulle dat die bos bekend as Mayhoek aan hulle verhuur word vir 'n tydperk van twee jaar met die reg om dit daarna nog vir 'n langer tyd te huur.⁵⁶

Die jaar 1866 was ook om 'n ander rede belangrik. 'n Groep inwoners van Potchefstroom het in die loop van Oktober 1866 aan metodes gedink hoe om die landbou in sy ruimste verband te dien en het vir die doel 'n *Maatschappij van Landbou en Veeteelt voor de Transvaalsche Republiek* opgerig. Die eerste oogmerk van die maatskappy was om deur middel van tentoonstellings boere aan te spoor om kwaliteitsgoedere te produseer en die inwoners van die Republiek belang te laat stel in wat op landboukundige gebied aangaan. Die eerste tentoonstelling was vir vroeë in 1867 beplan. Om die onderneming te laat slaag word 'n beroep op die staat gedoen om ook 'n bydrae tot die bestryding van die onkoste te maak.⁵⁷ Die staatspresident was die saak uiters goedgesind en op sy geesdriftige aanbeveling het die Volksraad 'n bedrag van R300.00 vir die doel op die begroting geplaas.⁵⁸ Hierdeur aangespoor het die maatskappy die inwoners van die Republiek openbaar uitgenooi om die tentoonstelling wat op 20 Maart 1867 in Potchefstroom gehou sou word, te

54. E.V.R. 109, pp. 302—4: Charles Rickett aan Volksraad, dd. Potchefstroom, 16 Maart 1866 gepubliseer in *Notule van die Volksraad van die Z.A.R.*, deel V, p. 392.

55. R.795/68: C. G. C. Rocher aan Uitvoerende Raad, dd. Potchefstroom, 8 Julie 1868.

56. R.626/66: Vyf persone aan M. W. Pretorius, dd. Utrecht, 23 Junie 1866.

57. R.1077/66: W. Otto aan U.R., dd. Potchefstroom, 20 Oktober 1866.

58. BB.1839/66: J. W. Spruyt aan W. Otto, dd. Pretoria, 19 November 1866.

voorsien „met de beste voortbringselen van Landbou en Veeteelt zoo wel als van mineralen en delfstoffen.”⁵⁹

Die eerste poging was blykbaar so 'n groot sukses dat die maatskappy in die loop van die jaar 'n tweede tentoonstelling beplan het wat gehou sou word op die eerste Woensdag in April 1868. Toe reeds het dit duidelik geblyk dat die maatskappy 'n nuttige funksie vervul het omdat 'n aantal handelaars uit Port Elizabeth en Durban met die uitloof van aansienlike pryse hulle belangstelling in die Republiek openbaar het.⁶⁰

Die voorbeeld van Potchefstroom moes aansteeklik gewerk het omdat in die loop van 1867 ook 'n Landbougenootskap in Rustenburg ontstaan het. Hierdie genootskap het in navolging van wat op Potchefstroom gebeur het, 'n tentoonstelling beplan wat gedurende Januarie 1868 sou plaasvind. As 'n gevolg van die aanhoudende oorloë met die naturelle in Zoutpansberg, is die tentoonstelling vir 'n onbepaalde tyd uitgestel en uiteindelik heeltemal afgestel.⁶¹

Dat M. W. Pretorius baie belanggestel het in die bedrywighede van die *Maatschappij van Landbou en Veeteelt* wat op Potchefstroom gesetel het en van sy kant 'n bydrae wou maak om die werksaamhede daarvan te stimuleer, blyk duidelik uit die inisiatief wat hy geneem het toe hy 'n vertrek in die skool op Potchefstroom tot die beskikking van die maatskappy gestel het „tot het vormen van eene verzameling van Inlandsche Producten.”⁶² Dit behoort interessant te wees om die lotgevalle van hierdie eerste museum in Transvaal verder na te speur.

Hoewel reeds in die 50-er jare 'n belangstelling vir die aanplant van koffie ontstaan het, het dit op daardie vroeë stadium nie tot 'n selfstandige bedryf ontwikkel nie. Rondom 1867 het weer 'n nuwe belangstelling in die aanplant van koffie ontstaan en is op die stadium blykbaar voorkeur aan Rustenburg gegee. Die president was self 'n produsent van die vreemde gewas en daarbenewens het ook nog P. J. van Staden, C. G. Bodenstern, G. F. Pistorius, J. A. Esterhuyse, F. J. P. Riethagen en 'n sekere Visser grond op gunstige voorwaarde van die regering gekry om koffie te kweek. Die grootste sukses is op hierdie stadium egter deur F. Haenert behaal wat 'n groot koffieplantasie by Marabastad gehad het.⁶³

59. *Staats Courant*, 13 Februarie 1867, Goewernements Kennisgewing, No. 17.

60. R.1172/67: Tentoonstellingskomitee aan M. W. Pretorius, dd. Potchefstroom, 20 November 1867.

61. Byvoegsel tot *Staats Courant*, 25 September 1867.

62. BB.537/67: J. J. Meintjies aan H. C. Bergsma, dd. Potchefstroom, 27 Maart 1867.

63. A. N. Pelzer: *Wordingsjare*, p. 10.

Dit was egter eers nadat Pretorius 'n besoek aan Zoutpansberg gebring het dat hy werklik oortuig geraak het van die ekonomiese moontlikhede van 'n eie koffiekultuur. Hy het tot die gevolgtrekking gekom dat die gebied tussen die plaas van Albassini tot aan die Houtboschberg, 'n afstand van twaalf uur te perd, buitengewoon geskik is vir die aanlê van koffiëplantasies. As hierdie gebied met koffië beplant kon word, so het hy met oortuiging aan die Uitvoerende Raad gerapporteer, sou Transvaal 'n uitvoerprodukt kry wat vir die land van onberekembare nut sou wees.⁶⁴

By die blote mededeling het die president dit nie gelaat nie, maar soos die gebruik was, sake van gewigtige belang in sy *Aanspraak* onder die aandag van die Volksraad gebring. By hierdie geleentheid het hy nie net herhaal dat die grond in die omgewing van „de Spelonken” uiteraard geskik is vir die aanlê van koffië- en suikerplantasies nie, maar voorgestel „om die gronden uit te geven onder eene verpligting van occupatie, om zoo doende die vruchtbare gronden bewoont en bewerkt te krygen tot nut en voordeel van ons land.” Die Uitvoerende Raad na wie die voorstel verwys is, het dit met geesdrif ondersteun en besluit om aan die Volksraad voor te stel dat die bepaalde gebied in plase van ongeveer 1500 morg verdeel moet word en dit aan persone uit te gee op voorwaarde dat hulle dit binne 12 maande sal okkupeer en koffië- of suikerplantasies daarop sal aanlê. Die Volksraad het hom met die plan vereenselwig maar versigtig besluit dat met die opmeet van die grond nie 'n begin gemaak sal word voordat 'n redelike aantal persone vir grondtoekennings aansoek gedoen het nie.⁶⁵

Van dié grootse plan het niks tereggekome nie. Die skema was te ambisieus en Transvaal nog te onontwikkeld om daar 'n sukses van te maak. M. W. Pretorius was sy tyd vooruit en het deur sy voorstel bewys gelewer van visie en ondernemingsgees. Ondanks moontlike tekortkominge op ander terreine, het hy sterk gestaan op die gebied van die volkskultuur en al die uiteenlopende fasette daarvan.

Ter afsluiting van hierdie beknopte oorsig oor 'n ontwakende industriële ondernemingsgees in die Zuid-Afrikaanse Republiek, kan die aandag gevestig word op 'n ander faset daarvan — 'n faset wat direk met industrialisasie niks te make gehad het nie, maar

64. U.R.B. 29 Augustus 1867, artt. 8, 9, 34, 36; U.R.B. 14 April 1868, art. 17; R.1080/67, R.1090/67 en R.1250/67.

65. *Staats Courant*, 21 Oktober 1868: Aanspraak Staatspresident, art. 7 U.R.B. 29 September 1868, art. 4 en V.R.B. 20 November 1868, art. 298.

indirek — sou dit slaag — tog 'n belangrike stimulerende uitwerking sou gehad het.

Die saak waarop in die verbygaan die aandag gevestig word, het op 'n onskuldige wyse begin toe J. Franck, 'n man van Franse herkoms, op 30 Augustus 1866 'n brief aan die president en Uitvoerende Raad gerig het. Daarin het hy sy voorneme te kenne gegee om sy geboorteland, Frankryk, te besoek. Terwyl hy dan daar is, gaan hy 'n poging aanwend om so 'n groot getal immigrante vir vestiging in die Republiek te werf as wat moontlik is. Hy vestig die aandag op die koms van die Hugenote na Suid-Afrika en die nut en voordeel wat hulle vir die ontwikkeling van die land ingehou het en spreek dan die vertroude uit dat sy poging 'n herhaling mag beteken van wat in 1688 plaasgevind het. Om hom met die plan behulpsaam te wees, vra hy nou vergunning van die regering om goewermentsgrond in Frankryk te mag verkoop.⁶⁶

Van Franck se aansoek het nie veel tereggekome nie. Die Volksraad het dit wel behandel, maar sonder om rede te verstrek, besluit dat nie aan sy versoek voldoen kon word nie.⁶⁷ By die besluit van die Volksraad het die saak egter nie geëindig nie omdat geruime tyd voor die Volksraad se besluit oor die saak, 'n nuwe ontwikkeling ingetree het — 'n ontwikkeling wat waarskynlik juis vir die negatiewe antwoord verantwoordelik was.

Op 6 September 1866 het daar naamlik 'n byeenkoms plaasgevind aan die huis van dieselfde Jules Franck in Rustenburg by welke geleentheid besluit is om 'n *Land en Emigratie Maatskappy* in die lewe te roep met 'n kapitaal van £20,000 bestaande uit 1000 aandele van £20 elk. Die doel van die maatskappy sou wees „het aankopen en verkopen van gronden, binne de grenzen dezer Republiek, de invoering van gepassde emigranten op zulke gekochte gronden, tot nut en heil aller inwoonders, het waarnemen van agentschappen voor private perzonen, tot het verkopen of aankopen van beboude of onbeboude plaatzen.” Na afloop van die vergadering het 'n voorlopige komitee bestaande uit Wm. Robinson, H. Jeppe, J. J. Schoombe en Jules Franck met voorlegging van 'n konsep-akte, aansoek by die regering gedoen om erkenning van die maatskappy.⁶⁸

Met die gesamentlike aansoek het dit beter gegaan as met die

66. E.V.R. 109, p. 458: J. Franck aan Staatspresident en Uitvoerende Raad, dd. Rustenburg, 30 Augustus 1866 gepubliseer in *Notule van die Volksraad van die Z.A.R.*, deel VI, p. 127.

67. V.R.B. 24 Oktober 1866, art. 535.

68. R.910/66: Robinson en andere aan Staatspresident en Uitvoerende Raad, dd. Rustenburg, 6 September 1866.

van Franck alleen. Die Volksraad het die saak in beginsel aanvaar en daarna die akte met geringe wysigings ook goedgekeur en finaal aanvaar.⁶⁹

Die ontstaan van die *Land en Emigrantie Maatschappy* was nie die resultaat van 'n spontane ingewing wat by Jules Franck ontstaan het nie. Die inspirasie daarvoor lê elders en daarvan getuig Franck self in sy oorspronklike skrywe aan die president waarin hy hom gunstig uitlaat oor die bedrywighede van Alexander McCorkindale en die welslae wat reeds met sy skema behaal is. Dit ly geen twyfel nie dat op die gebied van industrialisasie en skemas wat daarmee verband hou en wat die Republiek nie alleen oopgestel het nie, maar dit ook aan die buitewêreld bekend gestel het, McCorkindale beskou moet word as 'n pionier by uitstek. Daarom dat dit belangrik is om sy bedrywighede afsonderlik in beskouing te neem.

Prof. A. N. Pelzer.

69. U.R.B. 15 Oktober 1866, art. 3; V.R.B. 31 Oktober 1866, artt. 615—617. Die akte in sy finale vorm verskyn in E.V.R. 109, pp. 627—630 en is gepubliseer in *Notule van die Volksraad van die Z.A.R.*, deel VI, p. 160.